

25 Julie 2013

Skrifgedeelte: Psalm 1:1-6 (vgl. Jer. 17:4-8)

Fokusgedeelte: Psalm 1:2

Water gee groei

Die Psalmdigter stel dit duidelik dat daar in hierdie lewe net twee soorte mense is. Daar is die "regverdiges" vir wie God op hulle weë lei en wat soos 'n boom is wat by waterstrome geplant is. Daar is ook die "goddeloses" wie se lewe met kaf vergelyk word, wat deur die wind uitmekaar gewaai word. Verder word die uiteinde van die "regverdiges" met 'n sierlike boom vergelyk wat op die regte tyd vrugte dra en wat in alles voorspoedig is. Die "regverdiges" is dus met heerlijkheid beklee. Buiten dat die "goddeloses" se lewens deur nuttelosheid (kaf) gekenmerk word, stuur hulle uiteinde ook op hulle eie ondergang af.

Die groot verskil tussen die "regverdiges" en die "goddeloses" word in vers 2 duidelik uitgewys. "Regverdiges" vind hulle vreugde in God se Woord en hulle oordink dit dag en nag. "Goddeloses" maak grappe oor God se Woord en bespot almal wat hulle enigsins aan God se Woord steur. Soos die gesonde groei van bome van water afhanklik is, so is die mense se lewe van God se Woord afhanklik. Die mens wat vreugde vind in God se Woord, dit dag en nag oordink, is die gelukkigste mens ooit, want in sy/haar hart weerklink die roepstem van die Gees. Die Gees roep in hulle harte: "Kom! En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!" (Openb. 22:17).

Regverdiges is dus begenadigdes. Hulle was ook eers in die klipwoestyn, die brak wêreld van sonde en ellende. Deur sy Gees het God hulle by die water van die lewe, Jesus Christus, kom inplant. Daarom vind hulle vreugde daarin dat die Gees deur sy Woord hulle lewens omvorm, sodat hulle vrugte kan dra wat God verheerlik.

Sing: Psalm 1:1, 2 (Totius)

Ds. HJ Stoltz (Bloemfontein-Suidheuwels)